24.8 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE STREEKSINODE OOR DIE TEKORT AAN GESPESIALISEERDE BEDIENING IN *KERKE MET 'N BEDIENINGSNOOD* (Artt 115, 254)

A. Die voorsitter, dr DG Breed handig die voorsitterskap oor aan die ondervoorsitter, ds SD Snyman.
B. Ds JP Fleischmann stel die Beskrywingspunt.
C. **Besluit:** Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt.
D. Die volgende Kommissie word aangewys: Di JA Schutte (s), LP Baloyi, TJ Moletsane, DJ de Bruyn, oudle TE Gxotani en DJ de Kock.
E. Ds DJ de Bruyn rapporteer namens die Kommissie.

F. **BESKRYWINGSPUNT**

In hierdie dokument verwys "kerke met bedieningsnood" na jong, klein, en/of arm kerke en/of kerke sonder 'n voltydse bedienaar van die Woord.

1. Beskrywingspunt

Aangesien hierdie aangeleentheid nie by 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, versoek Klassis Boland, Suidelike Streeksinode om die volgende Beskrywingspunt op die Agenda van die Algemene Sinode te plaas: Die Algemene Sinode wys 'n *Kommissie* aan om bediening in *kerke met 'n bedieningsnood* (jong, klein, en/of arm kerke en/of kerke sonder 'n voltydse bedienaar van die Woord) te ondersoek, staande hierdie Sinode te rapporteer en aanbevelings te maak:

1.1 Ondersoek minstens die volgende aspekte van bediening in ons *kerke met 'n bedieningsnood*:

1.1.1 Hoeveel van ons nie-Afrikaanssprekende kerke het predikante? Hoeveel kerke is te arm om predikante te onderhou?

1.1.2 Watter rol speel ouderlinge in die bediening in hierdie gemeentes? Hoe goed is die ouderlinge toegerus vir hierdie werk? Hoe kan kerke mekaar help in die opleiding van hierdie ouderlinge?

1.1.3 Gegewe faktore soos onderrigtaal, kultuur, standaard van skole in Suid-Afrika, finansiële kostes, ens, hoe moeilik is dit vir kandidate van ons nie-Afrikaanssprekende kerke om te voldoen aan die GKSA se akademiese vereistes om as predikant toegelaat te word. En wat is die unieke problem wat hierdie student moet oorkom sodat hulle aan hierdie vereistes kan voldoen?

1.1.4 Wanneer 'n kandidaat uit ons nie-Afrikaanssprekende kerke aan die GKSA se akademiese vereistes voldoen en in 'n gemeente bevestig word, wat is die unieke uitdagings en probleem wat so 'n kandidaat en die gemeente waar hy dien, moet oorkom. Hoe goed is "pas" ons huidige opleidingsprogram en die unieke omstandighede van hierdie gemeentes en gemeenskappe?

1.1.5 Ervaar sommige Afrikaanssprekende gemeentes ook van die probleme wat in 1.1.4 gelys word? Wat is hierdie probleme?

1.2 Rapporteer oor 1.1 hierbo.

1.3 Maak aanbevelings oor hoe ons as kerke verantwoordelikheid kan neem om mekaar liefdevol te help om moontlike struikelblokke te oorkom sodat alle gemeentes die beste moontlike bediening kan geniet.

2. Motivering

2.1 Kerkorde, art 19 plaas die verantwoordelikheid op al die kerke om toe te sien dat daar genoeg studente teologie studeer en dat die studente finansieel ondersteun word. Die doel van die artikel is duidelik om toe te sien dat daar optimum goed-toegeruste amptelike bediening beskikbaar is in die kerke.

2.2 Terwyl daar afgevaardigdes van *kerke met 'n bedieningsnood* teenwoordig is by hierdie Sinode, is dit 'n goeie geleentheid om die afgevaardigdes te vra om te help met die werk van hierdie Kommissie.

2.3 'n Dieptesnit van een so kerk met behoefte aan bediening illustreer sommige van die uitdagings wat hierdie kerke in die oë staar. Tydens visitasie by Gemeente X het die volgende aan die lig gekom:

2.3.1 Onder deeltydse leiding van 'n naburige dominee in 'n Afrikaanse gemeente het Gemeente X merkwaardige volwassenheid bereik. Die ongeveer 55 lidmate word deur ouderlinge besoek en ouderlinge preek by twee punte elke Sondag. 'n Kleuterskool word deur een van die lidmate gedurende die week in die kerkgebou bedryf.

2.3.2 Terwyl die predikant in die naburige gemeente in 2014 afgetree het, het die Here 'n jong man uit Gemeente X tot die bediening geroep. Hier is 'n wonderlike geleentheid vir die jong man om in die gemeente in die bediening in te groei terwyl die emeritus sy verantwoordelikhede afskaal.

2.3.3 Die omvang van kulturele, akademiese, taal, demografiese, residensiële en finansiële struikelblokke wat hierdie jong man moet oorkom om tot die bediening toegelaat te word het egter tydens visitasie duidelik geword. Hierdie struikelblokke lyk, menslik gesproke, onoorkombaar.

2.3.4 Hierdie struikelblokke is heel moontlik nie net beperk tot Gemeente X nie, maar sal in alle waarskynlikheid sistemies tot die GKSA wees – en daarom hierdie Beskrywingspunt by hierdie vergadering.

2.4 In die Skrif is daar 'n aantal beginsels waarvolgens leiers in ons gemeentes toegerus kan word. Sommige van hierdie beginsels word nie tans voldoende toegepas in opleidingsprogramme van die GKSA nie. Indien die beginsels beter toegepas word, mag dit ons kerke dien. Oorweeg die volgende voorbeelde:

2.4.1 Jesus het sy dissipels hoofsaaklik deur dissipelskap (of in vandag se taal – in-diens opleiding en mentorskap) opgelei. So 'n benadering maak 'n nie-inwonende tipe opleiding moontlik. (Vgl die Evangelies.)

2.4.2 Kennis en vaardighede van verskillende leiers en gelowiges word persoonlik aangegee van een persoon na 'n ander (in vandag se taal – lei die opleier op en elkeen leer een), (bv 2 Tim 2:2).

2.4.3 In die tyd van die Nuwe Testament, vind ons, het ouderlinge 'n sentrale rol gespeel in die bediening in gemeentes, dikwels sonder die teenwoordigheid van 'n voltydse "apostel" of "herder en leraar" (Hand 14:23, 20:17-38).

2.4.4 Terwyl ons nie die spesialisasie van die huidige amp "predikant" letterlik in die Bybel vind nie, is hierdie diens waarskynlik 'n institusionalisering van die bedieninge van "herders en leraars" (Ef 4:11). In dieselfde sin waar daar na "herders en leraars" verwys word, vind ons ook 'n verwysing na "evangeliste". Net soos ons 'n gespesialiseerde ouderling in die amp van predikant ("herders en leraars") geïnstitualiseer het, is dit moontlik om nog so 'n gespesialiseerde ouderling – "evangeliste" – te institualiseer en om persone deur basiese in-diens mentorskap, onderskraag deur 'n basiese akademiese vorming, op te lei en hierdie persone in gemeentes te bevestig waar ons huidige opleidingsmodel tekort skiet?

G. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Om uitvoering te gee aan die Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode, nl dat die Algemene Sinode 'n Kommissie aanwys om bediening in kerke met bedieningsnood (jong, klein, en/of arm kerke sonder 'n voltydse bedienaar van die Woord) te ondersoek, staande hierdie Sinode te rapporteer en 'n aanbeveling te maak.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkwyse

2.1 Die Kommissie het geoordeel dat ons slegs in staat is om ‘n voorlopige opname dmv ‘n vraelys te maak en die inligting aan die Sinode met ‘n aanbeveling te gee.

2.2 Afsonderlike vraelyste vir ouderlinge en predikante is opgestel en versprei.

2.3 80 Ouderlinge en 102 Predikante het vraelyste ingevul.

2.4 Ons het gepoog om tussen die verskillende Streeksinodes te onderskei. Almal het egter nie hulle Streeksinode se naam ingevul nie.

2.5 Verteenwoordigers van kerke uit vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn is versoek om die vrae in Engels te antwoord.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.

3. Bevinding

3.1 Volledige inligting oor die aantal predikante in diens en oor gemeentes sonder predikante en gemeentes wat van sustentasie afhanklik is kan dmv die Administratiewe Buro bekom word.

3.2 *Die opname by ouderlinge het die volgende opgelewer*

	Algemeen		Engels-sprekend	
Vraelys Ouderlinge	Ja	Nee	Ja	Nee
Het u gemeente ‘n eie predikant wat net in u gemeente werk?	62	18	10	9
Het u gemeente in kombinasie met ander gemeente(s) die diens van ‘n predikant?	14	66	5	14
Maak u gemeente slegs van ‘n konsulent se hulp gebruik?	53	27	10	9
Moet u self soms preek of ‘n leesdiens hou?	49	31	18	1
Is u betrokke by kategese?	46	34	14	5
Is u betrokke by ‘n ander spesifieke bediening bv berading, sieke besoek ens?	60	20	16	3
Is u betrokke by evangeliserende uitreik?	36	44	8	11
Het u behoefte aan verdere hulp en opleiding?	53	27	19	0
Het u ander Gereformeerde Kerke al vir hulp gevra?	25	55	11	8
Sal u kan gebruik maak van afstandsonderrig?	63	17	11	8
Word daar in die Klassis of streek opleiding vir ouderlinge aangebied?	59	21	6	13
Gebruik u dissipelskapmateriaal vir toerusting van lidmate?	26	54	9	10

Dit blyk dat die ouderlinge ‘n behoefte het aan opleiding en toerusting vir prediking en pastorale sorg. Groot aantal kan gebruik maar van afstandsonderrig en verder is dit ook opvallend dat die meerderheid streke daar wel opleiding gegee word.

3.3 *Die opname by predikante het die volgende opgelewer*

	Algemeen		Engels-sprekend	
	Ja	Nee	Ja	Nee
Hoeveel gemeentes bedien u?	63 (1)	25 (>1)[1]	8	0

[1] 63 (1 gemeente) 18(2),2(3),4(1),1(3)

Is u saam met ander predikante in meerdere bediening?	32	70	3	5
Maak gemeentes gereeld van u diens as konsulent gebruik?	662	36	0(1)	8(>1)
Ondersteun u gemeente ander gemeente(s) finansieel?	59	43	2	6
Ondersteun u gemeente ander met helpers sodat hulle beter kan funksioneer?	37	65	2	6
Is u bewus van jong manne wat predikant wil word en dit nie kan bekostig nie?	35	48	7	1
Is u bewus van jong manne wat predikant wil word en nie aan die vereistes vir toelating tot universiteit voldoen nie?	44	58	6	2
Is daar in u gebied die moontlikheid vir kerkgroei deur Evangelisering?	95	7	8	0
Is daar ander kerke in u gebied wat besondere groei toon?	40	62	7	1
Gebruik u dissipelskapmateriaal vir toerusting van lidmate?	42	60	4	4

Daar is 35 kandidate waarvan 7 uit die Engelse kerke is, wat teologie wil studeer maar nie die befondsing het nie.Daar is baie kerke in die nie-Afrikaanse gemeenskap wat baie groei toon, dus is daar geleentheid vir groei.

3.4 *Ons neem waar*

3.4.1 Dit is nie moontlik om ‘n ondersoek van hierdie aard tydens ‘n Sinode te begin en af te handel nie.

3.4.2 Daar is wel Klassisse wat aandag gee aan opleiding van ouderlinge.

3.4.3 Die beoogde Sentrum vir bedieningstoerusting en begeleiding (SBTB) behoort volgens die aanbevelings oor die doel daarvan ook aan hierdie behoeftes aandag te gee.

3.4.4 Enkele persone het spontaan kom aandui dat hulle bly is dat aandag aan die saak gegee word. Aangesien die finansiële nood van kerke met of sonder ‘n predikant op die platteland baie groot is.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4.4 kennis geneem.

4. Aanbevelings

4.1 Dat daar voortgegaan word om aandag te gee aan die bedieningsnood van kerke.

4.2 Dat hierdie taak volgens KO, artt 41 en 44 primêr by elke Klassis berus.

4.3 Dat hierdie saak ook verwys word na die beoogde SBTB.

4.4 Na aanleiding van die bevinding moet dit onder die Kuratore van die TSP se aandag gebring word dat daar ‘n nood is vir kandidate wat wil teologie studeer wat nie dit finansieel kan bekostig nie.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.4 goedgekeur.

[2] (1-2)1, 2(3), 22(2), 2(4), 2(3), 37(1), 36(0)